

Maandag 13 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:8

Die Here beskryf die sondes van ons tyd!

Die sondes van die wêreldstad word simbolies genoem: *omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery*. Babel/Babilon staan vir 'n stad met mag! Dis 'n stad wat met valse en bedwelmende verleidinge die mensdom van hulle diens aan God weggelei het. Hierdie mag het die mense van aanbidding af laat vervlak in diens aan dinge wat vir die mens genotvol is – soos dronkenskap en seks (hoerery). *Die soort eer en genot wat in hierdie stad aangebied word, mis die eer en heerlijkheid van God heeltemal!*

Wat die Here in hierdie engel se roep openbaar, is die volgende: Die eindtyd se mensdom gaan 'n verdwaasde en bedwelmde geslag van mense wees. Hulle sal mense wees sonder onderskeidingsvermoë – 'n dronk mens het nie onderskeidingsvermoë nie, al dink hy so omdat hy deur wingerdwysheid gevul is! Hulle gaan mense sonder waaksaamheid wees en terselfdertyd omgee vir niks – soos eie is aan seksbelustheid!

In ons tyd preek elke kerk dat die koms van die Here naby is. Voor die deur! Daardie besef is duidelik en vas by almal! Kyk daarteenoor na die wêreld en ons sien die spanning by Satan. Hy wat besef dat sy tydjie kort raak, werk met koorsagtige haas. Die ongeloof en sy kwade werking teenoor God verdubbel byna oornag.

Ons sien hierin hoe waar Petrus se woorde is dat Satan in die laaste tyd nog wil verskeur en verbreek wat hy kan! *Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind* (1 Pet. 5:8, 1953-vertaling). Daarom begin God in sy gerig juis op hierdie punt: By die hoer Babilon. Dis hier waar die kwaad gevestig is en waarvandaan dit die mensdom onder sy regering kry en hou! Hierdie oordeel staan so vas en beslis dat hierdie tweede engel die val in onbetwisbare terme aankondig!

Sing: Psalm 4-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)